

INFORMASIE-TEGNOLOGIE

INFORMATION TECHNOLOGY

HOË INETKEYKOSTES? DÌS HOEKOM.

Af en toe kry ons navrae oor skynbare hoë Inetkey-rekeninge, veral van studente. Die oorsake is gewoonlik voor-die-hand-liggend en kan maklik vermy word.

Sonder om na jou internetrekords te kyk, is dit baie moeilik om vas te stel wat die rede of bron van 'n hoë internetrekening is. Jou eerste stap is om, voordat jy ons kontak oor jou internetverbruik, eers na jou rekords te kyk by <http://www.sun.ac.za/useradm> deur die [View Internet Usage] opsie te gebruik en onder "View Type" "Source" te kies en dan USER om die inligting op te dateer. Let op die IP-adresse en gaan na dat dit wel jou eie toestelle is. Sodoende kan jy alreeds ? beter idee kry watter toestel die internetverkeer genereer en watter tye van die dag.

Hou in gedagte dat Universiteit Stellenbosch keer-op-keer deur MyBroadband aangewys is as instansie met die vinnigste internet in Suid-Afrika. Huidige toetse wys dat die aflaaispoed 95.29 MB per sekonde is. Gevolglik kan jy baie vinnig, baie data aflaai sonder dat jy dit besef en binne minute jou internetrekening opjaag.

Die volgende is maar ? paar moontlike oorsake vir hoë internetgebruik:

- Windows 10 opdaterings wat nie maklik afgesit kan word nie. **Indien jou rekenaar egter aan die US-netwerk verbind en opgestel is om opdaterings van IT se WSUS-bediener af te laai, sal die opdaterings plaaslik afgelaai word en die koste nie vanaf jou Inetkeyrekening gehel word nie.**
- Opdaterings wat ophou, weer begin of nie volledig aflaai nie. Windows 10 1709 Creative Update is byvoorbeeld net-net onder 4Gb.
- Inetkey wat oopgelos word op ? toestel sonder toesig gedurende klasse of deur die nag.
- Videostroom-webwerwe wat nie op die vuurmuur se oopgestelde lys is nie. Deur ? HD-flië te stroom gedurende die dag en aand kan 3Gb se data per uur verbruik.
- Gebruik van ? skootrekenaar as `n wifi hotspot vir ? selfoon met die doel om datakoste te spaar.
- Gebruik van lêerdeel protokolle soos BitTorrent. Onthou dat beide op en aflaai verkeer genereer. As jy BitTorrent gebruik, seed jy ook jou eie lêers en betaal jy selfs as iemand anders jou lêers aflaai.
- Synchronisasie van lêers na DropBox.
- Swak wagwoorde sodat bure en vriende in die nabye omgewing internet kan deel.
- Vriende of wederhelftes aan wie wagwoorde gegee word en dit later misbruik.
- Virusse of malware wat gemorspos en meer verkeer genereer. Dikwels veroorsaak blootgestelde e-posrekeninge hoë internetgebruik, omdat Inetkey en e-pos wagwoorde deel.
- Inetkey-rekening wat op veelvuldige toestelle gebruik word.

Indien geen van hierdie redes die oorsaak blyk te wees van jou hoë Inetkeyrekening nie, kan jy vir Informatietegnologie vra om jou internetgebruik na te gaan om vas te stel of daar iets onreëlmatig is. Stuur binne 14 dae ? versoek na helpinfo@sun.ac.za. Die koste per navraag is R200.00, maar indien daar `n fout gekry word, word hierdie fooi nie gehel nie.

[Inligting verskaf deur David Wiles]

Posted in: Internet, Studente | Tagged: Inetkey, Internet | With 0 comments